CACHET APTEEK
U Plus Apteek
TOMSTRAAT 92
Tel. 4201
Groot genoeg om u te dien, klein genoeg om u te ken

die WAPAD
IN U LIG SIEN ONS DIE LIG
AMPTELIKE STUDENTEKOERANT VAN DIE P.U. vir C.H.O.

PUKKE!
Vir u kleurbaadjies en sportbenodigdhede:
Johan Claassen Broers

JAARGANG XXXV NOMMER 9 25 APRIL 1980

# Rigting vir môre



*Esti le Roux, die PU vir CHO se sjampanjenooi vir 1980.*

**Vandag is die vraag oor die rigting wat ons moet inslaan vir elke Suid-Afrikaner en ook vir elke student 'n kwelvraag. Op 1 Mei word die geleentheid aan elkeen gebied om saam te kom dink en te gesels rondom dié vraag.**

Die tema vir die Raadsdialoog is *Apartheid: vandag, gister en môre-Integrasie.* Drie sub-temas val daaronder uiteen: • Apartheid vandag en gister? • Saambestaan of integrasie? • 'n Gemeenskaplike basis vir toekomstige ontwikkeling vir alle Afrikaners.

Elkeen van die temas word ingelei deur twee sprekers, Prof. W. Esterhuyse van die Departement Filosofie van die Universiteit van Stellenbosch en prof. F. Jacobs van die Departement Regte van die PU, is twee van die sprekers.

'n Uitstekende beginselgegronde en kundige inleiding kan verwag word. Ander kleiner aksies word vooraf rondom dieselfde tema aangebied deur elkeen van die Rade. Die sprekers by hierdie aksies is dr. W. Potgieter van die Departement Staatsleer en dr. Jan van den Berg, die direkteur van die Studenteburo. 'n Studenteparlement word ook deur die Politiese Raad gehou.

Raadsaksies word aangebied in die Opvoedkundegebou in lesingsale 2, 4, 6, 8, 10 en 12. Dit vind plaas om 18h15 tot 19h00. Hiervandaan vind terugkoppeling in die groot groep plaas.

# Mosie oor deelname

**Die volgende mosie is op 17 April deur die SSR aangneem:**

1. Hierdie SSR is in beginsel ten gunste daarvan dat die PU se sjampanjenooi vanjaar mag deelneem aan die kampusnooikompetisie van die Huisgenoot.

2. Die SSR het prinsipieel geen besware teen hierdie mosie nie, aangesien Die Huisgenoot 'n vollengte en gesigfoto van die meisie se eie keuse vereis. Die hele kompetisie berus slegs op haar persoonlikheid en hiermee word daar dus 'n duidelike onderskeid getref tussen hierdie kompetisie en 'n skoonheidskompetisie.

Nadat die mosie aangeneem is, is die rektor genader om uit te vind of die besluit uitvoerbaar is binne die Raad van die Universiteit se beleid. Die Rektor het gevra dat volle besonderhede skriftelik van die Huisgenoot verkry moet word sodat hy skriftelik daarop kan reageer en uitsluitsel oor die saak kan gee. Die SSR het besluit om nie die saak verder te voer voordat die Rektor sy finale beslissing gegee het nie.



*Mej. Annelie van der Walt (bo) is tydens die karnaval van die Vaalrivierse tak aangewys as die kampusnooientjie. Sy is 'n BA-II-student met Psigologie en Engels as hoofvakke. Mej. Lorraine Foord staan haar by in haar pligte en is 'n BA-III-student met Afrikaans-Nederlands en Geografie as hoofvakke. Hulle is aangewys as die beste persoonlikhede op grond van onderhoude wat met hulle gevoer is. Hulle funksies is dieselfde as die van die sjampanjenooientjie van die PU vir CHO.*

**Rugbykaartjies vir die wedstryd tussen die Leeus en 'n S.A. uitnodigingspan wat op Potchefstroom gespeel word, is by die Sportburo verkrygbaar. Slegs 'n beperkte aantal is beskikbaar.**

# Theuns toer

Mnr. Theuns Eloff is deur die Amerikaanse Departement van Buitelandse Sake genooi om die VSA te besoek. Verskeie ander persone uit SA is ook genooi, o.a. mnr. Chris Fismer, die president van die ASB.

Mnr. Eloff kon enige onderwerp en plekke kies wat hy wil besoek. Hy het sy keuse op die besoek van sekere Amerikaanse Universiteite laat val. Hy het die sesde April vertrek en sal die sewende Mei weer terugkom.

'n Gedeelte van sy reisplan word vir hom beplan en die res verloop soos hy dit verkies. Sy reisplan sluit die besoek van ses stede en vier universiteite in. Twee van die universiteite wat mnr. Eloff gaan besoek, het bande met die PU vir CHO, nl. Dordt College in Iowa en Calvyn's College in Grand Rapids in die staat Michigan. Hier sal mnr. Eloff ook vir Prof. L.A. van Wyk besoek en in Boston vir Louis van Rensburg.



*Die voorsitter van Liber Factus, mnr. Johan Taute oorhandig R700 aan mnr. Syd Eckley, voorsitter van SGD, en sy sekretaresse mej. A. de Klerk vir die gedeeltelike afbetaling van 'n nuwe kombi.*

# Trapkartoer loop goed af

DIE PU-trapkarspan wat die vakansie by Beitbrug in die noorde weggespring het, het die hele pad na Kaapstad sonder enige noemenswaardige probleme afgelê.

Die één groot probleem wat daar wel was, is van delikate aard — maagprobleme. Wie sou nou kon dink die Karoo gaan die manne (en dames) so laat hardloop?

As een van die karre skielik agterraak dan het almal geweet — die trapper is bossies toe!

Die drinkwater in dié geweste akordeer blykbaar nie maklik met jou as jy te lank oorbly nie.

Mense in die Karoo wat ervaring het van die dinge sê dat jy eers moet sorg dat jy die nodige inspuitings en pille kry indien jy 'n redelike lang tydperk in die gebied wil oorbly.

Intussen het die trappers ook besonder goed gevorder. Hulle was gereeld voor die tyd. Dit het beteken dat hulle hier en daar 'n bietjie ekstra kon rus.

Die Soutpansberg-, Hexrivier- en Du Toitskloofpas het nie die verwagte probleme opgelewer nie. "Die trappers het dit redelik maklik oorkom," het mej. Vivian Louw, wat deel van die kameraspan was, Maandag aan Die Wapad gesê.

Was dit nie vir die verkeerspolisie se bravade in die Du Toitskloofpas nie sou hulle nie mooi geweet het wat om met die trop bobbejane te doen nie. Die vriendelike verkeersbeampte het die bobbejane sommer kaalhand gepak en vinnig verwilder, sê mej. Louw.

Die regisseur van die filmspan, mej. Griet Gräbe, sê hulle het bykans 2 400 voet film gebruik om die hele toer vas te lê. Die film gaan — as dit goed genoeg is, sê die SAUK-mense — in die Uit en Tuis-program gebeeldsaai word. Dit gaan die TV-mense egter 'n aardige bedraggie kos. Daarom verwag hulle dat die film besonder goed moet wees.

Die Trapkarklub is besig om kaartjies te verkoop waarmee die biltong van 'n hele Rooibok, die sag gebreide vel en die gemonteerde kop daarvan, gewen kan word. Al wat mens moet doen is om te raai wat die lengte van die Rooibok is — van sy neus se punt tot by sy stertpunt. Die kaartjies sal eersdaags by al die koshuise verkoop word.

Org Basson en René Reynecke het op die toer die hoogste snelhede behaal toe hulle naby Warmbad teen 'n bult af 75 km/h gehaal het. Daar was blykbaar deurentyd op die toer 'n wedywering om te kyk wie die hoogste snelheid kan haal.

Die kameraspan wat die toer meegemaak het, het onder leiding van mej. Griet Gräbe, 'n kommunikasiekunde student, die hele toer op film vasgelê. Die produksiesekretaresse was Wilma Ramage. Kostuums en Grimmering: Ina de Lange. Kameras: Alwyn van der Linde en Vivian Louw. Spanassistente: Annarie Loots.

'n Uitstalling en filmvertoning word beplan en alles behoort oor ongeveer vier weke gereed te wees.

Beeldende Kunste — Letterkunde — Musiek — Teater



George Weideman en Etienne Leroux in gesprek tydens die Skrywersberaad te Mazelspoort.

# Fiddler groots

— Prof. T.T. Cloete

Die Departement Spraakleer en Drama van die Potchefstroomse Universiteit het op Dinsdag, 18 Maart 1980 begin met die opvoering van Fiddler on the Roof, 'n blyspel wat die gesamentlike werk is van die dramaturg Joseph Stein en die lirici Jerry Bock en Sheldon Harnick.

Die spel speel af onder die Jode in 'n Oos-Europese, Russiese dorpie Anatevka — in 1905, toe daar al tekens gekom het van 'n omwenteling in Rusland. Dit is die verhaal van 'n klein Joodse gemeenskap, geheg aan hulle tradisies, maar geplaas in 'n veranderde wêreld. Daar ontstaan allerlei konflikte tussen die oue en die nuwe, tussen die mense van gevorderde leeftyd en die jeug. Dit lei tot allerlei hartseer en humor, waarby nog kom dat die Jode uit die dorpie verdryf word. Agter alles staan die verganklikheid, die dood — die vioolspeler.

Die regisseur was dr. Peet van Rensburg, bygestaan deur Johann Steenkamp en Saartjie Landman en al die ander persone wat verantwoordelik was vir die musiek, die dekor, beligting, klank, kostuums ens. As mens daarby nog noem 'n stuk of tien tegnici, 'n orkes van agt-en-dertig spelers, kan daaruit afgelei word watter veeleisende, groots opgesette stuk dit is en watter onderneming dit moet wees vir 'n departement Spraakleer en Drama aan 'n universiteit, met sy beperkte rekrutering.

Hiermee het dié departement en dan met name dr. Peet van Rensburg een van sy mees ambisieuse ondernemings gelewer. Dit is waarskynlik die beste regiewerk wat hy nóg gelewer het en hy kan dit met trots aan sy naam verbind. Moeilike werk is hiermee met groot gemak, kundigheid en stilering aangebied.

Die opvoering het groot gehore getrek wat intens geboei is. Dit spreek boekdele vir die spelers, vir hulle afrigters en ondersteunende figure dat hulle van so 'n groot onderneming 'n sukses gemaak het.

Die groot eis wat die stuk aan regisseur en spelers stel, is dat dit 'n middeweg moet vind tussen spitsvondigheid aan die een kant en tragiek aan die ander kant — en dié middeweg lê, as die stuk reg gespeel word, in die humor. Dit het Peet van Rensburg en sy span getref. Nêrens is die een of ander kant uitgebuit nie. Deurentyd is die balans gehou: getemperde lag en getemperde droefheid.

Die spreekgedeeltes van die individuele spelers, sowel as die liriese koorgedeeltes, die enkel- en die groepspel is deurgaans met mekaar versoen. Gelukkig kon die leidende spelers sowel die liriese as die spraakgedeeltes goed vertolk en die orkes het die musiekbegeleiding uitstekend gehanteer.

Onder almal was die hoofspelers André-Jacques van der Merwe as Tevye en Elize Venter as sy vrou Golde werklike hoofspelers. Van der Merwe was uitstekend goed en het die beste spel gelewer tot dusver van alle rolle wat hy vertolk het. Nie net sy spraak- en liriese voordrag was goed nie maar ook sy liggaamsvertolking, sy gebare en bewegings. Hy het die regte allure vir hierdie rol.

Dan hoef mens eintlik nie meer name te noem onder die baie spelers wat goed was nie, dalk nog die ervare Roeloff van den Bergh as Lazar Wolf en Bernice Duvenage as Yente — wat miskien nie genoeg deur die gehoor gewaardeer is nie. Die hele groot rolbesetting was sonder trae momente en swak skakels.

Spesiale vermelding verdien nog Joe Coetzee met sy meer as verbeeldingryke en funksionele dekor.

Die enigste swakker element was party van die danstonele of liewer: enkele figure in die danstonele, wat meer stilering gevra het as wat plek-plek gegee is. Maar dit is dan eintlik ook al wat gesê kan word teen 'n stuk wat origens die werk van eksperte was.

# Voorste skrywers koop Lens by Mazelspoort

— Rudolph Willemse —

**Agt lede van die Skrywerskring van die PU en twee dosente, mnr. Jan Swanepoel (Latyn) en mej. Ina Pretorius (Engels) het die pas afgelope naweek die beraad van die Skrywersgilde te Mazelspoort bygewoon.**

Die PU vir CHO was die enigste universiteit ooit wat op studentevlak verteenwoordig was.

Noue kontak met literatore is gemaak en dan veral ook met skrywers soos Abraham de Vries, George Weideman, Etienne leroux, André P. Brink, Jan Rabie, Ronnie Belcher, Piet Haasbroek, Petra Müller en Leon Strydom.

Prof. Brink het die Skrywerskring van die PU spesiaal bedank en dit was duidelik dat die studente se teenwoordigheid van alle kante hoog op prys gestel is.

Tydens die beraad is ten minste dertig eksemplare van Skrywerskring se publikasie "LENS 78/79" aan die gildelede verkoop, met die gevolg dat daar op hoë litterêre vlak van dié bundel kennis geneem is en wel van die Kaap (Jan Rabie in Hermanus) tot by George Weideman in Suidwes-Afrika.

Tydens die voorlesing van skrywers se nuwe werke, is ook gedigte uit "LENS" vertolk en was dit wel deeglik van besonder vergelykbare gehalte.

Sprekers tydens die beraad was onder andere Abraham de Vries, prof. Johan Heyns, prof. A.P. Brink, dr. D. Worall, P.G. du Plessis, Morkel van Tonder en mnr. W. Wepener van Nasionale Pers.

Die tema was naamlik dié van die skrywer en die gevestigde instansies, waaronder die kerk, die politieke owerhede en die media.

Baie vrugbare bespreking met die nodige humorsous is gevoer. So positief was byvoorbeeld die benadering van prof. Heyns, dat skrywer Jan Rabie later opgemerk het: "Die gesprek het in welwillendheid verval!"

# Nils Burwitz stal uit

**'n Uitstalling van olieverfskilderye, syraamdrukke, etse en harsgravures deur die kunstenaar, Nils Burwitz, is op Dinsdagaand 22 April deur prof. Rassie Smit, registrateur van die PU, geopen.**

Tydens die geleentheid is 'n praatjie deur die kunstenaar gelewer wat oor die "kuns van die toekoms" gehandel het. 'n Aantal skyfies is ook vertoon.

Die uitstalling duur tot 10 Mei en is daagliks te sien in die uitstallingslokaal van die Frans du Toit-gebou.

# Russiese tjellis is puik

**Op Dinsdagaand, 15 April 1980, het die tjellis David Geringas en sy begeleier, Julian Dawson-Lyell, gesorg vir een van die aangenaamste konserte wat nog in die Konservatoriumsaal aangebied is.**

Om die twee in aksie te sien, was werklik 'n belewenis. Die program het bestaan uit die Sonate in G-mineur, op. 5 van Beethoven, Drie Fantasiestukke, op. 73 van Robert Schumann, Sonate vir tjello-solo, op. 25 van Paul Hindemith en die Sonate in F-majeur op. 6 van Richard Strauss.

Reeds in die Beethovensonate het Geringas alle twyfel oor sy tegniese vaardigheid die nek in geslaan. Moeilike en vinnige passasies is deurgaans met die grootste gemak hanteer. Sy klank was rond en vol en veral in die cantabile-dele kon hy die luisteraar 'n knop in die keel gee. Die fortedele was met tye effens kras maar miskien omdat die pianis in die eerste werk geneig was om te oorheers.

Die samespel was egter baie suksesvol en veral in die Strauss-sonate het hulle fyn en musikale aanvoeling deurgeskemer. Drie toegifte was dan ook 'n geloofwaardige getuigskrif.

# Kovsies se onderwysdiploma is glo 'n "hengse punch"

**UOVS-studente het onlangs hulle menings oor H.O.D. gelug. Die volgende berig het in die Kovsies se studentekoerant verskyn:**

H.O.D. Hou-op-dink-diploma? Hopeloos onnodige diploma? IRAWA het met 'n paar geesdriftige en nie-so-geesdriftige nagraadse H.O.D.-studente (wat vanselfsprekend anoniem wou bly) gaan gesels oor hul veelbesproke kursus.

• Is dit werklik nodig?

"Ja, dis *genuine* nodig."

"As 'n mens die dag 'n onderwyser is, sal jy seker sien hoekom jy dit moes doen. 'n Student is mos nou nie 'n mens nie."

"Ook vir algemene afronding is dit goed."

• Of hulle dit geniet?

"Nee, ek geniet dit nie. Jy's dan terug in die skool!"

"As 'n mens se gesindheid reg is, is dit glad nie so sleg nie."

"Die bordsports is die lekkerste!"

"As dit jou roeping is om skool te hou, behoort dit vir jou heerlik te wees. Baie het dit egter nie as hoofdoel nie. Dan word die kursus afgekraak."

• Die veelbesproke Wysgerige Pedagogiek ...

"Ek hou niks van die vak nie, maar ek is mal oor die dosent — 'n dosent met die naam van Otterjasie."

"Ontsaglik interessant. Dit sluit aan by Wysbegeerte."

"Baie interessant, maar die taal is só oordrewe met anglisismes dat die betekenis en interessantheid daarvan verlore gaan."

• Wat gedoen word om die klastyd om te kry?

"Dreams are good friends ..."

"Ek sal jou sê wat doen die mense wat agter my sit: hulle speel kaart."

"Ek sal jou sê van die mense wat voor my sit: hulle sal eendag goeie skilders wees."

• Wenke vir voornemende H.O.D.'s.

"Probeer plek by die venster kry. Ek ken al amal wat Fisioterapie of Medies swot."

"Moenie langs jou ou sit nie, want as julle uitmaak, moet jy vir die res van die jaar langs hom sit."

• Algemene Opmerkings:

"Ons sien lekker fliek."

"Mens bou wonderlike kameraadskap op. Ons is soos een groot familie. 'n Wonderlike eenheidsgevoel."

"H.O.D. inspireer jou tot kunssinnigheid — wat musiek, tekeninge en gedigte betref."

"Die toekoms van die land is in ons hande. Die Eerste Ministertjies van môre moet deur óns hande gaan."

"Ons het soveel geleenthede. Ons tree selfs op TV op."

"Daai satisfaksie om nie van klaskamer hoef te wissel nie, terwyl die dosente wissel ..."

"Ek voel partykeer of ek nog in 'n skoolklas sit."

"Jy sit en *pea-shooter* skiet, geluide maak en jou maats met penne steek. Dit het ons laas gedoen toe ons in die laerskool was!"

"Jy is 'n donkie as jy klas *bunk*."

"Dis die tyd vir kombuistee, *Tupperware*-partytjies en trousseauversamel ..."

• Enkele waarhede uit die mond van die suigeling.

"Hulle moet van H.O.D. 'n geïntegreerde kursus maak sodat jy van jou eerste jaar af met die praktyk te doen het."

"Brandbestryding, Noodhulp en Sportafrigting, wat jy moet ken, kan in die kursus ingebou word sodat mens daaroor eksamen skryf."

"H.O.D. geïntegreer met 'n vierjarige graad is meer onderwysgerig."

Ten slotte sê iemand van H.O.D.:

"Dis 'n hengse *punch*!"

*(Met erkenning aan IRAWA van 18.3.1980.)*

# SSR-portefeuljes : halfjaarverslae

**Aan die einde van verlede jaar het Die Wapad die jaarbeplannings van al die SSR-lede gepubliseer. Ons wil ook hulle halfjaarverslae publiseer sodat die studente van die PU self kan besluit of die SSR wat hulle gekies het, sy werk doen. Dit is dus elke student se plig om te sorg dat die SSR wel werk. Hier volg opsommings van die halfjaarverslae met uittreksels uit die jaarbeplannings om aan te dui wat gedoen is, wat nie gedoen is nie en wat meer gedoen is deur die betrokke SSR-lid.**

## Hans Kempff

### TOERE

'n Vergadering van alle toerliggame is gehou en die reglement vir toere is aan almal oorgedra. Die toerrigtings is ook gekoördineer met die samewerking van Departement Ontwikkeling. Die register vir toeskouers is nog nie gereed nie, maar sal sodra dit aangevul is, by die SSR-sekretaresse beskikbaar wees.

### KAMPUSDIENSTE

**Voertuie word gereeld nagesien, maar die gebrek aan samewerking van die kant van gebruikers bemoeilik dit. Daar is nou ook motorhuise vir die voertuie van die SSR aan die weste kante van die Studentesentrum gebou. Daar word tans ondersoek ingestel na die gebruik van die Totiussaal. Die SSR sal dan beheer daaroor uitvoer. Stoorfasiliteite in die Studentesentrum is ook benut.**

## Jan Kroeze

### DATUMS

Op versoek van die rektor is sekere datums gereserveer as oop naweke. Probleme met sportaksies is egter moeilik op te klaar. Die datumlys is ook in die SSR-sekretaresse se kantoor beskikbaar ter insae.

### PUBLIKASIES

Besembosse en Sakboekies is aan ander universiteite gestuur. Ons ontvang tans ook gratis Transvalers en Vaderlande. Dit, tesame met die Rand Daily Mail, is beskikbaar by die leesrak in die sitkamer van die Studentesentrum. Die publikasies van die SSR word gereeld gekeur.

**Mnr. Kroeze is besig om kampusnetheid te probeer bevorder, die gebruik van die teleksmasjien vir studente moontlik te maak, en die beskikbaarheid van kleingeld in die biblioteek te bewerkstellig.**

## Josef Krüger

### GRONDWETTE

Die roetine werk van hierdie portefeulje is afgehandel. Verskeie grondwette en/of huishoudelike reglemente van onderliggame is opgestel. Wysigings aan die grondwet van die SSR is ook ingevoeg. Daar word tans aan die reglement vir erekleure gewerk.

### OPENBARE BETREKKINGE

Intern verloop die skakeling van die SSR met Departement Ontwikkeling en die verskillende koshuise goed. Ekstern is daar reeds geskakel met POK, RAU en Stellenbosch. Verdere skakeling word beplan met UOVS, UP en die Universiteit van die Witwatersrand. Die skakeltoer na die Kaap is egter afgestel. Alhoewel die reëling goed getref was, was die NUSAS-kongres gereël vir dieselfde tyd en kon Stellenbosch ons nie ook ontvang nie. Kontak is ook met Carleton College in Minnesota gemaak vir moontlike skakeling.

## Herman Maartens

### WEERBAARHEID

Baie probleme is aan die begin van die jaar in hierdie portefeulje ondervind. Tydens oriëntering is sekuriteitsdienste aan eerstejaars voorgestel, maar daar was baie klagtes oor die aanbieding daarvan. Samewerking van koshuiskant vir die Weerbaarheidskomitee was baie swak en die hele struktuur daarvan is verander. Klasse in brandbestryding, noodhulp en pistoolskiet sal binnekort weer begin. Die veldkursus is ook van die baan vir die jaar, aangesien besprekings reeds verlede jaar gedoen moes word. Dit sal egter in die toekoms gedoen word.

**Mnr. Maartens het ook die volgende beplan: dat die drafklub weer gaan funksioneer, twee pretdrafkompetisies, ontspanningsgimnastiek, opleidingskursusse in selfverdediging en wapenhantering, 'n weerbaarheidsaand met besprekings en 'n filmvertoning en 'n weerbaarheidsuitstalling.**

### RADIO-PUK

Radio-Puk beleef tans baie probleme aangesien dit nog in 'n beginstadium is. Die bestuur is egter so pas herstruktureer en funksioneer tans goed. Uitsaaityee is beperk tot spitstye, byvoorbeeld die etensuur, sleeptyd en belangrike geleenthede soos Karnaval. Die uitsaaigebied sal ook beperk bly tot die Studentesentrum, aangesien radiogolflengtes by ander universiteite afgekeur is en die PU dus duurder kabels sal moet gebruik. Daar bestaan ook twyfel oor die doeltreffendheid van die metode.

## Corné Mulder

### ASB

Die ASB-president het die PU tydens oriëntering besoek en die eerstejaars tydens 'n vergadering toegespreek oor die ASB. Die idee van 'n mini-SSD neem vinnig vorm aan. Dit sal saam met Politiese Raad aangebied word. Die reëlings vir die ASB-kongres verloop baie goed. Die PU is tydens Fiesta deur 43 studente verteenwoordig. Daar word egter nog steeds gewag op die eerste Asbeeld. 'n Akademiese konferensie saam met POK word in die vooruitsig gestel.

**Mnr. Mulder het in sy beplanning gesê dat hy aandag sal skenk aan die daarstelling van 'n platform vir politieke gespreksvoering onder studente.**

## Hugo Pienaar

### STUDENTESENTRUM

Die Studentesentrum is gedurende Karnaval in gebruik geneem. Die versiering van die Studentesentrum het reeds vorm begin aanneem. Die Departement Beeldende Kunste help daarmee in die SSR-gedeelte van die sentrum. Skilderye en beeldhouwerk is op 'n bruikleenstelsel bekom. Daar is 'n opname gemaak van alle meubels om beheer daaroor te kan uitoefen. Die lokale behoort na die volgende vakansie heeltemal toegerus te wees met die aangevraagde meubels en toebehore.

**Mnr. Pienaar het ook gereelde kunsuitstallings in die foyer, die dekorering van die sentrum deur ons eie studente en 'n inligtingsbrosjure, sigaret-, koeldrank- en lekkergoedmasjiene aan die begin van die termyn in die vooruitsig gestel.**

## Ollie Ollewagen

### KLEURE

Die broseksamen het die probleem opgelewer dat daar te min vraestelle was. Daar was ook nie genoeg bros-knopies nie, maar 'n aanvullende getal is bestel. Die nuwe kampustruie sal beskikbaar wees sodra die winter aanbreek. 'n Verkorte weergawe van die brosboeke sal volgende jaar beskikbaar wees. 'n Vlag vir die PU is ook goedgekeur en sal op 30 Mei 1980 in gebruik geneem word.

### REKLAME

'n Reklamekomitee is saamgestel, wat nog nie voluit in werking getree het nie. Die portefeulje is nuut en probleme is nog volop. Die plakkate is veral 'n groot probleem. Daar sal egter in die vervolg 'n boete op "onwettige" plakkate gelê word.

**Mnr. Ollewagen het aan die begin van die termyn gesê dat 'n nuwe kampustrui bestel sou word — dit is 'n maroen en beige V-nek trui. Hy sou ook poog om in samewerking met die Kommunikasiekundedepartement, Radio Puk en die Studenteburo interne reklame op die PU te verbeter.**

## Stephan Pretorius

### KARNAVAL EN INTERVARSITY

Karnaval het R90 000 ingesamel. Die onkostes moet egter nog afgetrek word. Daar word tans gewag op 'n meer volledige verslag. Die intervarsity met RAU op 10 Mei is afgestel. Sportsoorte soos hokkie gaan egter nog deurgevoer word op die dag. Daar word tans gepoog om 'n ander datum te kry om wedstryde vir die o/20's, Ibbies en die eerstespan te reël. Daar sal dus geen volwaardige intervarsity gehou word nie.

## Bert Sorgdrager

### ONTSPANNING

Verskeie aksies is deur die ontspanningskomitee aangebied. Die Montagu-wynfees is afgestel omdat verblyf nie gevind kon word nie en die fees op 'n akademiese dag geval het. Popfeeste sal ook nie meer aangebied kan word nie aangesien dit te duur is.

### INTERVARSITY

Die intervarsity met RAU is afgestel (sien verslag Stephan Pretorius). Die intervarsity met UOVS vind vanjaar in Bloemfontein plaas.

### VERKIESINGS

'n Aantal klein verkiesings is sonder moeite gehou, maar die tussenverkiesing van die Akademiese Raad het baie probleme veroorsaak. Die verkiesing is oorspronklik ongrondwetlik verklaar, maar 'n nuwe verkiesing het goed afgeloop.

**Dit is moeilik om te bepaal watter werk deur komitees en watter deur die SSR-lid afgehandel is.**

## Theuns Steyn

### STUDENTEDIENS

KMD en ISOD & N is aan studente bekendgestel en funksioneer goed. Die tweedehandse boekwinkel is ook suksesvol en verkope beloop tans 60 persent. Die saamrydiens kon nog nie funksioneer nie, aangesien 'n kennisgewingbord nog nie in die kafeteria aangebring is nie. Die grommeltrommel sal by dié kennisgewingbord aangebring word. 'n Kommissie ondersoek nog die moontlikheid van 'n permanente bruikbare studentekaart. Die verkryging van inligting oor vakansiewerk vir studente is ook nog nie afgehandel nie.

**Mnr. Steyn het die portefeulje Radio-Puk na 'n paar maande aan mnr. Herman Maartens oorhandig. In sy termyn is egter luidsprekers, 'n draaibank, bandmasjien en radio gekoop. 'n Nuwe bestuur is gekies, en onder hulle leiding het Radio-Puk begin uitsaai.**

## Frikkie van Niekerk

### OPLEIDING

'n Uiters geslaagde kampusfokuskamp is deur 200 studenteleiers bygewoon. 'n Professionele kursus is deur mnr. P. Mulder op die kamp aangebied. Verskeie opleidingsgeleenthede is ook al gehou, maar die opkoms is telkens teleurstellend. Veral die kursusse vir penningmeesters en sekretarisse is swak bygewoon. Die Sportraad het egter 'n geslaagde opleidingsgeleentheid gehou. Kampe van Aktueel was ook suksesvol.

## Fanie Venter

### SGD

Die inligtingstuk oor SGD is nog nie opgestel nie, aangesien daar aangehang word totdat SGD se welsynsorganisasie geregistreer is. 'n Omvattende stuk sal dan in albei landstale opgestel word. Gemeenskapsdiens aan blankes vorder ook goed met kontak tussen ons en Witrand, E.S. le Grange, bejaardes, Abraham Kriel en die Weermag. Daar sal nie sportafrigting aan die tuislande beskikbaar gestel word nie, aangesien ons eie gemeenskap die hulp meer nodig het. Die SRVP-regskliniek is ook nog nie van stapel gestuur nie. Die gesondheidsprojek is suksesvol afgehandel, en 'n verslag oor die daarstelling van 'n krisiskliniek word op 15 Mei aan die SSR voorgehou.

**'n Inligtingsbrosjure oor SGD is tans beskikbaar totdat SGD geregistreer en 'n finale stuk opgestel is. SGD het vier voertuie deur die loop van die termyn aangekoop terwyl mnr. Venter dit in die vooruitsig gestel het om twee voertuie te probeer bekom.**





Spaar 'n sent vir die student



7 1/2 sent uit elke tien liter brandstof word geskenk aan die Sentrale Studenteraad

Gooi nou in by Harold's Volkswagen

Kerkstraat 220, Potchefstroom. Tel. 4261

die WAPAD

## • Trapkar

**Dit is verblydend om te verneem dat die PU-trapkarspan bo verwagting goed gevaar het met hulle wedren van Beitbrug na Kaapstad. Die reklame wat deur hierdie span gemaak is vir hulle universiteit het goeie resultate opgelewer. Die toer het landswyd aandag van die pers, die radio, en selfs van SAUK-TV geniet. Dit is egter jammer om te sien dat hulle tans kaartjies verkoop wat neerkom op geldinsameling deur lotery. So iets pas tog nie by die karakter van die universiteit nie, en ook nie by die beleid wat tot dusver altyd toegepas is nie.**

## • Jaarverslae

**Die halfjaarverslae van studenteraadslede lewer oor die algemeen bewys van harde werk tot voordeel van die studentemassa. Die verslae wys egter in sommige gevalle dat beleidsverklarings nie in 'n vlaag van oormoed gemaak moet word nie. Beloftes moet aan 'n bestaande behoefte voldoen, en veral prakties uitvoerbaar wees.**

## • Geskil oor mosie

**Die verdeeldheid onder SSR-lede ná aanvaarding van die mosie oor deelname of nie aan die kampusnooikompetisie van 'n weekblad, is teleurstellend. Die feit dat lede by hulle onderskeie besluite staan of val, kan nie gekritiseer word nie, maar hulle behoort nie toe te laat dat persoonlike meningsverskille hulle eenheid as liggaam bedreig nie. Hierdie probleem word vererger deur die feit dat die mosie met nege stemme teenoor agt aanvaar is.**

**Dreigemente van SSR-lede wat wil bedank indien die mosie nie tot uitvoer gebring word nie, dui op onvolwasse én onverantwoordelike optrede van mense wat veronderstel is om die studentemassa te lei. Die SSR moet nie die perke van sy eie magsuitoefening oorskat nie. Hulle behoort te besef dat hulle as onderliggaam van die Raad van die universiteit funksioneer, en moet dus die gesag van die Raad ook in hierdie verband aanvaar en respekteer.**

**Dit is jammer dat lede wat wil bedank, hulle voornemens eers aan sommige studente bekend gemaak het voordat hulle die SSR daaroor ingelig het. Hierdie manier van handel vererger interne spanning op die SSR, en bemoeilik die effektiewe funksionering van die liggaam.**

**'n Mens kan net hoop dat die probleme wat tans bestaan, spoedig uit die weg geruim sal kan word.**

## Uit die woord
## Soete eensaamheid

***Psalm 25 vers 16: Wend U tot my en wees my genadig, want ek is eensaam en ellendig.***

**Eensaamheid** — 'n woord wat ons met huiwering vul. Geen mens wil eensaam wees nie; nog minder eensaam wees tussen duisende studente, tientalle koshuisvriende. Tog is daar soveel onder ons wat eensaam is.

**Die psalmdigter** bekla sy lot. Hy is eensaam. Die mense beskou hom as 'n vreemdeling en weier om enigiets met hom te doen te hê. Na wie kan hy, die geïsoleerde een gaan om sy diepste gedagtes en gevoelens te openbaar? Dit klink bekend, nie waar nie?


Dan gee hy self **die oplossing:** Na God alleen. Alleen na Hom kan hy gaan met sy eensaamheid. Na Hom wat Jesus Christus vir ons gestuur het om ook ons eensaamheid op Hom te neem.

Jesus Christus wat die diepste eensaamheid geken het toe Hy aan die kruis op Golgota uitgeroep het: "My God, my God, waarom het U my verlaat." Ja, Christus het die bitter eensaamheid, vir ons weer soete eensaamheid gemaak.

**Soete eensaamheid** — dit is eensaamheid wat sy krag vind in die innerlike, die verborge omgang met God wat dié wat tot sy gemeenskap toegelaat is ten spyte van al ons dwalinge, ingeslote ons jeugsondes, smaak.

**Besef u nou** dat vir die kind van God daar so-iets is soos soete eensaamheid? 'n Soete eensaamheid waarin ons al ons kwellinge en terneergedruktheid kan openbaar.

'n Soete eensaamheid — as kind by my Vader deur Jesus Christus vir ewig.




# Afrika se rol in wêreldpolitiek

**— Cobus Visser —**

**Die Sentrum vir Internasionale Politiek het Donderdagaand, 17 April, die tweede aflewering in 'n reeks voordragte aangebied. Prof. F. Hanekom, hoogleraar in Geografie aan die Universiteit van Suid-Afrika, was die gasspreker by die geleentheid. Sy uitstekende aanbieding was duidelik op deeglike navorsing gegrond. Dit het gehandel oor Afrika en sy inwoners en die geografie as bepalende faktor met betrekking tot Afrika se plek en rol in die wêreldpolitiek.**

### Fisiese kenmerke

Prof. Hanekom het eers 'n omvattende beeld van Afrika se uitstaande fisiese kenmerke geskep.

Naas Eurasië is Afrika die tweede grootste landmassa — dit beslaan twintig persent van die aarde se landoppervlakte. 'n Groot deel van Afrika val binne die grense van die wêreld se tropiese gebiede, maar 'n ware tropiese klimaat word slegs oor 'n relatief klein area aangetref.

As 'n mens Afrika se ontwikkelingsprobleme teen die agtergrond van klimaatsgesteldheid beskou, is die gebiede met reënvalprobleme belangriker as die gebiede met 'n hoë reënval. Afrika word gekenmerk deur 'n enorme warm en droë woestyngebied. Die Sahara, die grootste warm, droë woestyn in die wêreld, vergelyk naastenby met die oppervlakte van die VSA.

Klimaat speel 'n belangrike rol in die neerslag van die mens en sy aktiwiteite in Afrika. Reënvalveranderlikheid speel 'n rol in meer as 80% van die kontinent se oppervlakte. Die effektiwiteit van die reënval in Afrika as geheel word beperk deur lang, droë seisoene en hoë temperature.

Afrika word gekenmerk deur 'n kompakte kuslyn met min groot baaie en riviermonde, 'n vinnig dalende oseaanvloer en 'n net so vinnig stygende landoppervlakte wat oor lang afstande 'n indrukwekkende platorand tot gevolg het. Hierdie kenmerke van die Afrika-kontinent het ook 'n belangrike invloed op ontwikkeling.

Afrika se riviere het 'n hidro-elektriese kragpotensiaal wat veertig persent van die wêreldtotaal verteenwoordig. Die onbevaarbaarheid van die riviere plaas egter 'n groot beperking op die ontwikkeling van die vasteland.

Slegs 'n klein deel van die vasteland se grondbodem is werklik vrugbaar.

Dié fisiese agtergrond het groot beperkinge op Afrika se ontwikkelingspatroon geplaas. Verder het daar ook 'n unieke statepatroon ontwikkel. Afrika is die mees verdeelde vasteland op aarde met sy enigste vyftig afsonderlike eenhede teenoor Europa se dertig — die tweede meeste. Die verbrokkeling kan grotendeels toegeskryf word aan administratiewe probleme in die koloniale tydperk toe grenslyne kunsmatig geskep is. 'n Hele aantal state staan bekend as woestyn- of halfwoestynstate met min hulpbronne tot hulle beskikking. Boonop is daar veertien landgebonde state in Afrika.

By hierdie fisiese patroon moes die bevolking van Afrika aanpas.

### Bevolking

Afrika is die mees ylbevolkte kontinent in die wêreld. Dit laat baie Afrikaleiers glo dat hulle lande onderbevolk is en daar dus geen bevolkingsprobleme bestaan nie. Tog het Afrika tans die hoogste vrugbaarheidsyfer ter wêreld. 'n Verdere kenmerk van Afrika se bevolking is 'n hoë geboorte- en hoë sterftekoers. Slegs 'n klein persentasie van die bevolking is verstedelik.

In Afrika is daar 'n groter etniese- en taalverskeidenheid as in enige ander kontinent. Dit bring baie ontwikkelingsprobleme mee. Bevolkingsgroei speel 'n belangrike rol ten opsigte van ekonomiese groeivermoë, maar ongelukkig het ongekontroleerde bevolkingsgroei nie gepaard gegaan met gelyke groei in voedselvoorsiening, sosiale dienste en werkgeleenthede nie.

Afrika se geskatte bevolkingsgrootte is 460 miljoen: dus tien persent van die wêreldbevolking. Sensusopnames is egter onbetroubaar en onvolledig as gevolg van faktore soos wantroue en ongeletterdheid.

Teen hierdie agtergrond moet onthou word dat sewe en vyftig persent van Afrika se oppervlakte nie bewerkbaar is nie, twee en dertig persent is swak, agt persent vrugbaar en slegs drie persent baie vrugbaar. Tog is tagtig persent van die bevolking afhanklik van die landboubodem. Daar bestaan dus 'n geweldige bevolkingsdruk op die landelike gebiede.

Oor die algemeen is die bevolking òf te onwillig òf te onkundig om geboortebeplanning toe te pas. Kindersterftes is nog besonder hoog en die lewensverwagting is in die algemeen relatief laag.

Teen hierdie agtergrond: die fisiese aard, die besondere staatspatroon en die bevolkingsamestelling van die kontinent kan gelet word op die ekonomiese geografie.

### Afrika ekonomie

Afgesien van sekere kerngebiede moet Afrika as geheel as onderontwikkeld beskou word. Van die redes hiervoor is: (1) fisiese beperkinge van die kontinent, (2) siektes soos malaria in die tropiese gedeeltes, (3) ongeletterdheid (82% van Afrika se bevolking is nog ongeletterd), (4) die tradisionele struktuur soos stamgebondenheid, kommunale grondbesit en die sosiale struktuur wat die indiwidu sy privaat inisiatief ontneem.

Afrika se ekonomie word gekenmerk deur 'n tweeledigheid met, aan die een kant 'n statiese onwetenskaplike bestaansekonomie, en aan die ander kant 'n moderne markekonomie. Verder word die ekonomie gekenmerk deur hulle klein omvang; 'n algemene kenmerk van ontwikkelende lande dwarsoor die wêreld. Die kleinheid van die ekonomië veroorsaak dat hulle buitekontinentaal geöriënteerd is.

90% van die handel vind met die buitewêreld plaas, en nie intra-Afrika nie. Die meeste lande se ekonomië word ook gekenmerk deur 'n eenprodukkarakter. Hiermee saam het infrastrukturele ontwikkeling agter gebly.

Mynbou het aanvanklik groot ontwikkeling meegebring, maar dit het steeds 'n europese aangeleentheid gebly.

Afrika se vyf vernaamste delfstofprodukte is petroleum, koper, goud, diamante en ystererts. Dit laat Afrika 'n groot rol in die wêreld speel, maar hy bly steeds uitvoergeoriënteerd, met 'n toespitsing op delfstofproduksie.

Afrika se bosboubates word onoordeelkundig onderontgin. Sy fabrieksontwikkeling is die laagste van alle vastelande — slegs 0,6% van die wêreldtotaal. Selfs in die derde wêreld is Afrika ver agter.

Wat die infrastruktuursituasie aanbetref het die geografiese kenmerke van die vasteland 'n bepalende rol in byvoorbeeld die ontwikkeling van spoorweë gespeel. Verder is feitlik alle spoorlyne in Afrika tussen 1885 en 1931 gebou. Daar is 'n gebrek aan spoornetwerkgroei na 1930. As groeistimilus het dit 'n belangrike stremmende invloed op die algemene ontwikkeling van Afrika.

### Ten slotte

Ten slotte wys Prof. Hanekom daarop dat al bogenoemde eienskappe van Afrika nie sy plek en rol in huidige wêreldpolitiek regverdig nie.

Afrika se rol in die wêreldpolitiek behoort inderwaarheid ondergeskik te wees, gemeet aan die huidige ontwikkelingspeil en die toekomstige ontwikkelingspotensiaal.

Die faktore wat sy plek en rol in die wêreldpolitiek bepaal, moet dus op ander plekke as in sy geografiese karakterkenmerke gesoek word.

# Wapad se raadgewer ontvang graad

**Mnr. Johannes Ignatius (Johann) de Jager, wat die graad D.Phil in Kommunikasie- en Perswetenskap verwerf het met sy proefskrif: "Die betekenis van die Suid-Afrikaanse plaaslike pers — 'n empiriese studie." Hiermee het mnr. De Jager 'n indringende studie gedoen van die plattelandse koerant as belangrike kommunikasiemedium. Dit is die eerste werklik omvattende navorsing na dié aard, omvang en betekenis van dié deel van die Suid-Afrikaanse perswese.**


**Met die medewerking van verskeie groot plaaslike koerante soos die Vaal-Weekblad, die Wes-Transvaal Rekord, die Herald-groep, Vista en die Benoni City Times asook CAPRO en die provinsiale afdeling van die Nuusbladpersunie het hy interessante en insiggewende gegewens gesistematiseer wat die werk en invloed van die plaaslike pers in perspektief stel.**

Mnr. De Jager is in Pretoria gebore en is die oudste seun van wyle mnr. L.T. de Jager, en mev. A. le R. de Jager, tans van Potchefstroom. Hy het aan die Hoër Seunskool Hugenote gematrikuleer en aan die PU vir CHO die grade B.A. (1968), B.A. (Honns) in 1973 en M.A. in 1978 verwerf. Met buitemuurse studie het hy die graand B.A. (Honns) in Psigologie aan die Universiteit van Pretoria verwerf.

Hy het as redaksielid van die Pretoriase middagblad, Hoofstad, begin werk waar hy tot senior subredakteur gevorder het. Daarna het hy 'n jaar lank as joernalis/skakelbeampte by SASOL gewerk voordat hy as lektor in Kommunikasiekunde aan die PU vir CHO aangestel is. Hy is pas tot senior lektor bevorder.

Hy is sedert 1972 nog aktief betrokke by die bedryfsjoernalistiek en is volle lid van die Suid-Afrikaanse Vereniging van Bedryfsredakteurs.

Hy is getroud met mej. Ria Deysel. Hulle het twee kinders.



## Kovsies onbetrokke

**Die redaksie van die Irawa betreur die feit dat baie studente, selfs van die studenteleiers, steeds onbetrokke bly by studente-aangeleenthede. Die koerant het in 1978 daarin geslaag om die SR-vergaderings oop te laat verklaar.**

Min leiers maak egter van hierdie geleentheid gebruik. Die redaksie wil weet hoe die SR-lede van die toekoms hul taak gaan verrig as hul nooit vorige vergaderings bygewoon het nie.

Voorts is die mening ook dat die universiteit 'n mens die geleentheid gee om behoorlik gebrei te word vir die verantwoordelikhede van die buitewêreld. 'n Mens moet nie net slegs vra "wat bied die universiteit my nie", maar ook "wat kan ek my Universiteit bied."

# Verslag oor drank

**NA goeie beleg en deeglike besinning het daar vanjaar 'n verslag rakende drankgebruik en drankmisbruik op die kampus van die U.O.V.S. verskyn.**

Die verslag bevat vyftien riglyne waarvolgens die loodskomitee te werk gegaan het. Hier volg 'n paar van die belangrikste riglyne:

- Dat die grootste aantal studente wat drank gebruik, dit op beskaafde wyse doen.
- Dat alle gevalle van drankmisbruik na die dissiplinêre komitee van die raad verwys moet word of minstens na die Rektor of Vise-Rektor.
- Eenvormige tugmaatreëls moet oor die kampus heen van toepassing gemaak word in gevalle van oortreding.
- Dat hierdie universiteit in terme van sy wet en statuut deur Christelike beginsels gestempel word en dat dieselfde beginsels sal geld ook vir die onderhawige aangeleentheid.
- Dat in die lig van voorgaande riglyne die behoefte blyk aan:

* 'n duidelike beleid van owerheidskant rakende drankgebruik en drankmisbruik aan die U.O.V.S. prominent.
* duidelik geformuleerde reëls rakende geleenthede waartydens drank toelaatbaar is, die hoeveelheid wat beskikbaar gestel mag word, die verpligtinge van die verantwoordelike persone en laastens strafbepalings in gevalle van oortreding.
* 'n omvattende ontwikkelingsprogram onder student rakende drank, drankgebruik en drankmisbruik aan die U.O.V.S.

Die komitee wat die saak ondersoek het, het aanbevelings in groepe gedoen. Dit is naamlik:

- Aanbevelings ten opsigte van beleid.
- Aanbevelings met betrekking tot reëls rakende drank en drankgebruik.
- Aanbevelings ten opsigte van 'n ontwikkelingsprogram onder studente in verband met drank en drankgebruik.

Wat laasgenoemde betref, sluit die verslag met die volgende woorde af: "Dat hierdie ontwikkelingsprogram as 'n saak van hoogste prioriteit beskou sal word en dat dit met die hulp en samewerking van die alle betrokkenes deurgevoer moet word ná deeglike beplanning en organisasie."

*(Die berig is oorgeneem uit die Irawa van 7 Maart 1980)*

# Matie SR bedank

**Na die monstervergadering op 20 Maart het die oorblywende lede van die studenteraad van die Universiteit van Stellenbosch hul bedankings ingedien. Tydens die vergadering is 'n mosie van wantroue teen die SR ingestel.**

Voor die vergadering is 'n mosie deur die gewese SR aangeneem dat sekere lede hul administratiewe verpligtinge sal voortsit totdat 'n nuwe SR aangewys is, indien hulle sou gevra word om te bedank. Hierdie lede het egter nou besluit om ook hul verpligtinge neer te lê na aanleiding van die wyse waarop hulle gevra is om te bedank.

Mnr. Hilgard Bell, gewese SR-voorsitter, voel dat dit onbegryplik is dat die hele SR gevra is om te bedank. Hy voel dat die besware eintlik teen homself gerig was.

Intussen moet die Maties 'n nuwe SR aanstel. Gerugte het dit dat dit op drie alternatiewe wyses kan geskied. Die Augustus-verkiesing kan vervroeg word, of 'n tussenverkiesing kan gehou word, of dertien nuwe lede kan gekoöpteer word deur die rektor, prof. De Vries.

Prof. De Vries sê dat dit vir die studente van groot belang is dat 'n nuwe SR so gou as moontlik aangestel moet word. Hy sal die saak met studenteleiers bespreek voordat 'n finale besluit geneem sal word.

# Inkhata leiers besoek Maties

**Geskiedenis is onlangs op die Matie-kampus gemaak toe drie leiers van die Inkhata, kulturele organisasie van die Zoeloes, die kampus besoek het. Dit is die eerste keer wat kontak van hierdie aard gemaak is tussen 'n blanke universiteit en dié beweging.**

Die Inkhata, verteenwoordigend van sowat 300 000 Zoeloes, is 'n baie invloedryke organisasie op politieke gebied. Hul hoofleier, hoofman Buthelezi, is waarskynlik een van die invloedrykste politici in Suid-Afrika.

Al bogenoemde faktore het daartoe aanleiding gegee dat dit nodig geword het om aandag te skenk aan standpunte van die Inkhata.

Die Studenteraad en die drie Inkhata-leiers het na hul vergadering die volgende gesamentlike verklaring uitgereik:

- Ons verwerp geweld as middel tot verandering geheel en al.
- Ons glo dat daar 'n gematigde klimaat vir dialoog en vernuwing in Suid-Afrika geskep is deur die inisiatiewe van die Eerste Minister.
- Hierdie kontak sal op gereelde basis voortgesit word en gesamentlike voorbereidende studie vir die volgende gesprekke sal gedoen word, ook met die hulp van akademici van beide die Universiteit van Stellenbosch en Zoeloeland en ander instellings.

Die verklaring is onderteken deur mnre. Roelofse en Mhkizi.

## Sensus belangrik

**Die nag van 6/7 Mei 1980 is sensusnag. Dit is die nag waarop alle inwoners van Suid-Afrika getel word.**

Die doel van die sensus is om die bevolking te tel om beplanning van enige aard in die toekoms te vergemaklik.

Elke student wat die nag van 6/7 Mei in een van die PU koshuise slaap, sal 'n vorm kry om in te vul wat dan weer op 7 en 8 Mei deur die sensusbeampte afgehaal sal word.

Studente word versoek om die betrokke nag tuis te bly en sodoende die taak van die beamptes te help vergemaklik.

## UPE waarsku teen kleredrag

**In 'n onlangse uitgawe het die Upen die studente van die Universiteit van Port Elizabeth gewaarsku dat die SR kleredragmaatreëls strenger sal uitoefen deur die oplê van boetes en ander strawwe.**

Tydens 'n vergadering van die SR is egter besluit dat hulle nie polisiemanne is nie en dat as 'n liggaam van slegs vyftien persone dit vir hulle fisies onmoontlik sal wees om die kleredragmaatreëls af te dwing.

Ander redes is ook dat die meeste dosente ook nie op die kleredragreëls in hulle klasse aandring nie. Die SR voel ook dat die afdwing van sulke reëls meer skade as goed kan doen.

## Montium re-unie

**Montium hou vanaf 15-18 Mei 'n re-unie-toer na Cathedral Peak in die Drakensberge.**

Die toervergadering word gehou op Maandagaand 28 April om 19h30 in die klein sitkamer van die Studentesentrum.

Alle oudlede, lede en nielede is baie welkom!

Die sleutel tot 'n goedkoper ryding is een van



ELCON MOTORS se gebruikte motors

250 GOEIE, GEBRUIKTE MOTORS ALTYD IN VOORRAAD WAARUIT JY KAN KIES

ENIGE FABRIKAAT

SPESIALE AFBETAALVOORWAARDES VIR STUDENTE

Kom gesels met At Jacobs, Pieter Schimpers, Hennie van Rensburg, Piet Loubser, Frank Lewis of Duif Voges by RIVIERSTRAAT 82 of skakel 2-3886/7/8

tandem

# Bevordering van geesteswetenskappe

**Prof. M. Elaine Botha, hoogleraar in die departement Wetenskapsleer en Filosofie, was die geleentheidspreker by die eerste gradeplegtigheid van die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte op die middag van 24 Maart 1980. Sy het oor die bevordering van geesteswetenskaplike studie gepraat.**

Prof. Botha het vroeg in haar voordrag opgemerk dat die hele samelewing vandag deur die natuurwetenskappe en tegnologie oorheers word. Darenteen, alhoewel daar blykbaar geen tekort aan geestewetenskaplikes is nie, skort daar beslis iets in die geesteswetenskappe. Die fout mag lê in die manier waarop die wetenskappe bedryf word, die gebrekkige vorming van studente in die geesteswetenskappe, die universitêre opset, of die feit dat insigte, ideale, oortuiginge en kuns, geskiedenis en kultuur verplaas is deur ander lewenswaardes.

**Omskrywing van geesteswetenskappe**

Die geesteswetenskappe is in die reël dié kompleks van wetenskappe wat te doen het met die studie van menslike handelinge, lewensuitinge en kultuur.

Vandag is daar in die universitêre opset die tweedeling van geesteswetenskappe en natuurwetenskappe. Geesteswetenskappe sluit dus meer as net die fakulteit Lettere en Wysbegeerte in.

Vandag het dit mode geword om die geesteswetenskappe te beoefen na die model van die waardevrye natuurwetenskappe. Dit het ook daartoe gelei dat in die skool van skei- en natuurkunde gepraat word as "wetenskap" — so asof ander vakke nie aan hierdie kwalifikasie voldoen nie.

Daar ontstaan ook by die leerling die gedagte dat wetenskap die versameling van feite is. Met hierdie opvatting betree die student die universitêre situasie en hy verloor belangstelling in enige vak wat nie op hierdie lees geskoei is nie.

Insig word verskraal tot die blote beskrywing van feite. Studente en ook sommige dosente hou nie van insigvrae nie.

**Metategnologie**

Een van die invloede wat hierdie verskynsel in die hand gewerk het, is die dominante tegnies-wetenskaplike kultuur, of meta-tegnologie. Die positiewe sy hiervan is dié dinge wat vir die mens vooruitgang en gerief gebring het: die straalvliegtuig, antibiotika en industrieë. Op die teenpool is die mens vandag instaat om wêrelddele met sy kerntegnologie te vernietig en is hy besig om die mense se natuurlike hulpbronne uit te put.

Grondliggend aan albei kante is die mens se *geestesvermoë*, sy beheersingsvermoë oor die werklikheid.

Die geesteswetenskappe het wel 'n plek in die tegnokratiese samelewing. Ironies egter, verwag die meta-tegnoloë dat die sosiale wetenskappe die "sosiale ingenieurs" en "sosiale tegnici" daar moet stel om die radarwerk van die samelewing so glad as moontlik te laat verloop.

Dus word die geesteswetenskappe in die samelewing en in die universiteit, deur die meta-tegnologiese instelling bedreig. Die studie van geesteswetenskappe is 'n anachronisme in die wêreld wat slegs glo in grenslose uitbreiding en tegnologiese vooruitgang.

**Die multiversiteit**

Die eindproduk van hierdie tendens was die multiversiteit, wat die akademie die diensstasie van die meta-tegnologiese gemeenskap gemaak het. Die idee dat die universiteit gemeenskapsdiens moet lewer, is oordryf. In die VSA het dit gelei tot die instelling van Baccalaureate in enige denkbare spesialiseringsrigting, selfs boy-scouting en hotelbestuur. Dat die universiteit 'n instelling vir ***wetenskapsbeoefening*** is, is oor die hoof besien.

**Die posisie in Suid-Afrika**

Ons moet ons onsself afvra of die kirikulum van die fakulteit lettere en wysbegeerte aan die Suid-Afrikaanse universiteit nie ook reeds in diens van die tegnologiese orde begin staan nie. Die universiteit lei al hoe meer beroepslui op. Fakulteite kry al hoe meer die beeld van fragmentering en vakspesialisasie neem toe. Dosente doseer netjies verpakte modules wat gesamentlik 'n beroepsmens oplei. Die dosent en geesteswetenskaplike is nie meer vry om wetenskap te beoefen soos hy wil nie.

**Die rol van geesteswetenskappe aan die Christelike universiteit**

Aan die Christelike universiteit het die wetenskap die taak om die student op te lei vir 'n lewe uit die geloof. Om dit te help te weegbring, sal van die oorheersing van die eise van die samelewing en die gepaardgaande spesialisasie losgekom moet word.

Die geesteswetenskappe sal die student moet skool en vorm sodat hy 'n visie kan verwerf van wat die koningskap van Christus op alle terreine kan beteken.

Om hierdie hervormings te weeg te kan bring sal offers gebring moet word, ook finansieel. 'n Moontlikheid is 'n algemene vormingsjaar van studie in beide die geestes- en natuurwetenskappe vir alle studente. Meer tyd vir interdissiplinêre werk moet geskep word.

Die student kan desnoods minder vakke neem, maar in die wat hy wel neem, egte akademiese skoling ondergaan.

Alhoewel hierdie menings na 'n onmoontlike ideaal lyk, móét sekularisasie, kwantifisering en professionalisering aan die universiteit teengewerk word.


Ons Spens

MET HIERDIE ADVERTENSIE KRY U 10% KORTING OP U ETE

ONS BIED VOORGEREGTE, ROOSTERGEREGTE, BURGERS, VISGEREGTE, 'N VERSKEIDENHEID SLAAIE EN LIGTE VERVERSINGS AAN

KOM KUIER GERUS

| | | |
|---|---|---|
| TYE: | MAAN.-VRY. 9vm. — | 10 nm. |
| SAT. | 9 vm. — | 2.30 nm. |
| | 6 nm. — | 10 nm. |
| SON. | 11.20 vm. — | 2.30 nm. |
| | 6 nm. — | 10 nm. |


# Ontbyt is noodsaaklik

**Hoeveel maal storm mens in die oggend by die kamer uit, helfte van jou boeke vergete en hare deurmekaar, om betyds vir klas te wees? Indien die antwoord ten minste nege uit die tien keer is, gaan jy heel moontlik daardie nege keer ook sonder enige ontbyt klas toe.**

Die spreekwoord sê dat mens ontbyt moet eet soos 'n koning, middagete soos 'n edelman en aandete soos 'n bedelaar. Dit is sekerlik die beste maatstaf vir gesonde etes, omdat mens se behoefte na die energie wat kos verskaf na die einde van die dag afneem. Ongelukkig is dit nou ook so dat mens eers teen laatmiddag se kant tot rus kom en dan begin inhaal op al die vinnige happies gedurende die dag, net die verkeerde ding vir 'n dieët. Al die kilojoules word nie verbrand nie en word dadelik as vet gestoor.

Dit is dus van groot belang om te eet volgens die behoeftes van die liggaam en 'n ordentlike ontbyt te eet elke oggend. Deesdae hoef dit ook nie meer so 'n tydrowende saak te wees nie. Die verskillende tipes graanontbytkosse wat deesdae bemark word het gewoonlik net 'n bietjie melk nodig vir 'n smaaklike ontbyt. 'n Appel of ander vrug daarna behoort mens ver die dag in te sien.

Dis ook belangrik om stil te sit met die kos voor jou op 'n tafel en nie rond te hardloop direk daarna nie. Kos wat haastig in die hardloop afgesluk is, besorg mens gewoonlik aaklige maagkrampe kort daarna.

Daar is wetenskaplik vasgestel dat 'n dieët met 'n hoë ruvesel inhoud makliker en gouer deur die menslike spusverteringstelsel deurgewerk word. 'n Geraffineerde dieët kan tot twee dae neem om deur die stelsel te beweeg.

Verfynde kosse word dus moeiliker deur die sisteem verwerk en ook makliker in vet omgesit. Daar is heelwat ontbytgraankosse wat 'n groot hoeveelheid ruvesel bevat juis om die probleem te ondervang. Die probleem met die rou produkte is dat dit maklik sleg word, sodat mens dit moet koop in 'n supermark met 'n groot omset.

Vir die gelukkiges wat in 'n huis bly en hulle eie kos kan maak, is dit 'n goeie idee om 'n groot hoeveelheid vrugteslaai te maak en elke oggend 'n bietjie daarvan te eet, dieselfde met tuisgemaakte yoghurt.

Dis belangrik om veral in die winter seker te maak dat jy genoeg energie het vir die koudste gedeelte van die dag, nl. die oggend. Dit is die moeite werd om vroeër op te staan vir soveel voordele!

# Studenteraad ontevrede

**Die Upen, studentekoerant van die Universiteit van Port Elizabeth, berig dat die studenteraad baie ontevrede was met die manier waarop hul voorsitter, mnr. Henry Hannan, 'n onlangse massavergadering gehanteer het.**

Uit 'n persverklaring deur mnr. Hannan blyk dit dat die studente ontevrede was omdat die SR geen standpunt op die vergadering wou inneem nie.

Die SR het 'n noodvergadering in camera gehou waartydens die voorsitterstoel ingeneem is deur die ondervoorsitter, mnr. Myburgh van Zyl. Tydens die vergadering was mnr. Hannan glo erg onder skoot oor sekere van sy optredes en sy hantering van sekere sake.

Tydens die vergadering was daar ook besprekings oor ander sake waartydens die kloof tussen mnr. Hannan en die res van die SR duidelik geblyk het.

*Upen, 25 Maart*

# Regter is vrou van die jaar

**'n Baie bekende figuur in regskringe, regter Leonora van den Heever is onlangs genomineer as Vrou van die Jaar; 'n toekenning wat jaarliks deur The Star gemaak word.**

Regter Van den Heever sit al tien jaar lank op die Suid-Afrikaanse regsbank as die enigste vroulike regter en is onlangs bevorder na die Kaapse Afdeling van die Hooggeregshof.

Regter Van den Heever is in 1952 tot die balie toegelaat nadat sy die vorige jaar afgestudeer het. Sy is in 1958 getroud, maar het voortgegaan om te praktiseer, ten spyte van drie kinders binne die eerste vier jaar van haar huwelik. In 1968 het sy die eerste vroulike senior advokaat in Suid-Afrika geword.

Die merkwaardige dame glo in die vermoëns van die vrou, en meen dat vroulike werknemers harder en eerliker werk as hul manlike kollegas. Sy het 'n lewendige belangstelling in die posisie van die vrou in die samelewing ontwikkel, en sy ondersoek veral diskriminerende wetgewing. Een besondere voorbeeld uit haar ervaring is die feit dat haar man nie geregtig sal wees op die nie-bydraende pensioen wat aan regters se vroue uitbetaal word nie. Mens wonder hoe dit voel as die skoen so skielik aan die ander voet sit?

# Neem kennis van uittekenstelsel

**Die doel van die nuwe uittekenstelsel is beter kontrole, ordelikheid en eenvormigheid tussen dameskoshuise. Rondlopery, besoeke na sleeptyd en die gebruik van interkoms word beperk. Dit gee ook geleentheid aan koshuisvergaderings en Bybelstudie.**

**Maandagaande:**

Maandagaand is 'n toeaand. Daar mag slegs vir besoeke aan die biblioteek uitgeteken word. Die koshuise sluit om 22h00.

**Laataande:**

Op weeksaande sluit die koshuise om 23h30. Vrydagaande is algemene laataand tot 24h00. Saterdagaande is algemene laataand tot 00h30. Sondagaande is algemene laataand tot 23h00.

Eerstejaars is geregtig op twee laat weeksaande per semester en tweedejaars op twee laat weeksaande per maand. Senior dames is geregtig om elke aand 'n laat weeksaand te neem.

Die aand voor die aanvang van 'n langnaweek of vakansie is 'n algemene laataand tot 23h30 vir alle dames.

**Studentesentrum:**

Dames moet hulle sportkaartjies toon vir sportdeelname in die studentesentrum. Maandagaande is egter toe-aande en mag daar nie vir sport uitgeteken word nie. Op weeksaande moet junior dames hulle besoeke aan die studentesentrum voor 19h30 afhandel. Senior studente beskik oor laataande.

**Interkoshuiskontrolelyste:**

Interkoshuiskontrolelyste verval. Junior studente moet besoeke voor 19h30 afhandel. Senior studente beskik oor laataande om hulle besoeke te doen.

**Halfuurreël:**

Die tienminutereël verval. Die halfuurreël word beperk tot 21h00 en 21h30 en in eksamentye tussen 20h30 en 21h00. Besoeke word in die sitkamer afgehandel. Dames mag die koshuis nie verlaat nie. Na 21h30 moet daar weer stilte wees.

**Naweekuittekenboek:**

In die eetsaal is lyste waarop studente aantoon watter etes hulle die naweek sal neem. Dit voorkom vermorsing. 'n Naweekuittekenboek is in gebruik waarin adresse en telefoonnommers aangeteken moet word.

**Eksamenuittekenstelsel:**

Tydens eksamentye is dit algemene laataand tot 21h00. Koektye word vervroeg van 20h30 tot 21h00. Na 21h00 tot 23h00 moet daar uitgeteken word. Maandae sluit die koshuis om 22h00 en weeksaande om 23h00.

**Studieatmosfeer:**

Na 19h30 tot 21h00 moet daar absolute stilte in koshuise heers. Huiskomiteelede moet toesien dat eerstejaars in hulle kamers besig is om te studeer. Vanaf 21h00 tot 21h30 is dit koektyd. Dames mag besoeke ontvang, maar mag nie die koshuise verlaat nie.

Na 21h30 moet daar weer stilte heers. Dames wat na 21h30 die koshuis wil verlaat moet uitteken vir 'n laataand.

**Boetegeld:**

Dames wat 15 minute laat kom betaal R1,00 boetegeld. Vir meer as 15 minute is die boetegeld R5,00. Die boetegeld moet binne 24 uur inbetaal word.

**Klokkiestelsel:**

'n Klokkiestelsel is aangevra. Dames wat laat kom lui die klokkie in die huiskomiteelid op diens se kamer. Die res van die dames word nie gesteur nie.

**Mans moet kennis neem:**

Manskoshuise moet kennis neem van die nuwe uittekenstelsel. Dit is geskoei op die voorstelle van primarias tydens die Kampusfokuskamp.






*Die dames van Wag-'n-Bietjie ag interne skakeling as baie belangrik vir koshuisgees. 'n Braaivleis is hiervoor die middel tot die doel.*



*So 'n wors kan nogal warm word, veral as dit soveel konsentrasie kos om hom gaar te kry!*

# Beveiligingsmeganisme vir hysbakke

**Mnr. S. Geertsema, direkteur kampusdienste, het gesê daar is besluit op addisionele beveiliging bo en behalwe wetvereistes vir hysbakke in dameskoshuise.**

Die meganisme sal verhoed dat die hysbak se deure toegaan wanneer dit oorlaai is. 'n Alarm sal ook afgaan.

Die meganisme sal binnekort in alle dameskoshuise aangebring word.

Die besluit volg na 'n ondersoek deur die Inspekteur van Masjienerie van die Departement Mannekrag.

Uit die ondersoek blyk dit dat die hysbak wat gelei het tot die dood van mej. Lorraine Kok (19), reg gefunksioneer het en in 'n goeie toestand was. Dit blyk dat die hysbak 30% oorlaai was. Dit is die rede waarom dit gaan staan het.

Mnr. Meggs, die hysbaktegnikus, is verantwoordelik vir die maandelikse instandhouding van hysbakke.

## Memoriam

As student was Lorainne Kok 'n gelowige, vasberade en beginselvaste persoon.

Ons dink aan haar as 'n baie beskeie, dog vriendelike mens wat alles in haar vermoë gedoen het om betrokke te wees by die studente in die koshuis, sowel as op die kampus.

In ons gedagtes dink ons aan haar en sal haar so onthou!

Heide dames.

# Nuusflitse

**Heide en Over-de-Voor: Heide en Over-de-Voor besoek Klaradyn en Taaibos op 25 en 26 April. Dit is 'n jaarlikse instelling en word beskou as 'n interaksie tussen Heide en Over-de-Voor.**

Kasteel en Klooster: Kasteel en Klooster het aan mekaar 'n aandenking oorhandig as 'n blykie van waardering vir karnaval 1980.

Wag-'n-Bietjie: Wag-'n-Bietjie beoog 'n supersportvroukompetisie op 25 en 26 April. Dit is 'n jaarlikse instelling om die koshuis se verjaarsdag te herdenk. Die naweek begin met 'n pajama-ontbyt op Vrydag 25 April. 'n Kompetisie tussen verteenwoordigers van al die dameskoshuise vind plaas by die L.O.-departement. Die naweek word afgesluit met 'n dinee. Oud-inwoners word ook na die geleentheid uitgenooi.

# Plig van onderwyser

**Tydens die gradeplegtigheid op Donderdag 27 Maart van die Fakulteit Opvoedkunde het prof. B.C. Schutte gesê die onderwyser se plig is om deur sy geloof in God aan sy loopbaan en die toekoms van ons land te bou.**

In die verlede moes die onderwyser die land opvoed in die naam van God en moes hy die ouerlike opvoeding aanvul. Die onderwyser van die toekoms moet dieselfde twee take verrig, maar voor hulle staan 'n groter en nuwer uitdaging in die een en twintigste eeu.

Die solidariteit van die vroeëre huisgesin is daarmee heen — hierdeur word onderwysers gedwing om deur nuwe tegnieke en metodes dieselfde religieuse waarhede as in die verlede tuis te bring en te laat werk.

"Onthou Christelike opvoeding beteken om betrokke mense te vorm, betrokke nie slegs in die lewe wat hierna gaan volg nie, maar juis betrokke in hierdie lewe, juis bouers aan die kultuur van vandag," het prof. Schutte gesê.


NIC TAYLOR

Mooi meisies en blomme pas bymekaar.....

Vir die roos van jou hart is daar:

VARS SNYBLOMME
RUIKERS
POTPLANTE
DROË RANGSKIKKINGS
KUNSBLOMME
ORNAMENTE, ens.

huis & tuin

Tomstraat 82b, Die Bult
Tel. 4641

Oulike koppies vir sleeptyd



en talle ander aardigheidjies om 'n eerstejaar se kamer interessant te maak. Rakke vol van die oulikste goed om 'n dierbare maat se hart bly te maak. Net langs die INSLEEP-KAFEE.

Insleep -geskenkwinkel Gift Shop
TOMSTRAAT 100 TELEFOON 2-1033

MODEL-SKOENWINKEL —
CHECKERS-SENTRUM
en
SKOENSENTRUM —
KERKSTRAAT

Vir die jongste modes in skoene



OIP-105113

guys & dolls
vat dit kop toe!





Kom ons stel jou voor aan 'n nuwe dimensie in haargolwing: UNI-PERM met pH-balans! Dit lyk nes natuurlike krulle! Geen kroes-en-knoop bossiekop nie! Nog goeie nuus van Guys & Dolls is lae, lae pryse net vir studente! Wees 'n IN-ding! Bly voor met die jongste haarmodes! Altyd tot u vriendelike diens!

Die uwe,
GUYS & DOLLS, Tomstr. 82, tel. 8071.




# Is ledegelde te hoog vir studente?

**Na aanleiding van die baie vrae wat gevra word omtrent die bedrae wat by die verskillende sportklubs vir registrasie betaal moet word, het mnr. Piet Groenewald, voorsitter van die Sportraad, met Die Wapad gesels.**


Die bedrag van R5 vir ledegeld by sportklubs is nie verpligtend nie. 'n Klub kan meer of minder vra, maar 'n bedrag van ongeveer R5 word verwag. Sowel die bedrag wat gevra word, as die aanwending van die geld is 'n interne klubbesluit. Dit word egter verwag dat dit ter bevordering van sport gebruik word.

Die Sportraad is bewus daarvan dat studente 'n redelike som geld moet betaal indien hulle aan meer as een sportsoort wil deelneem. Aan die situasie word reeds aandag verleen. Almal moet wel besef dat sportdeelname vandag nie meer goedkoop is nie. Ander universiteite verwag baie meer geld, om nie eens van die munisipale en openbare sportklubs te praat nie.

Ek weet die meeste klagtes is gerig teen die muurbalklub. Dié klub moet en is nog besig om te betaal aan hul glasmuur. Verder is muurbal een van die PU se goedkoopste sportklubs. Om te registreer as 'n lid van die muurbalklub kos elke student R10, en 'n speelbeurt beloop vyf sent. Sou 'n student dan 200 keer per jaar gaan speel, sal alles hom R20 kos.

Net om 'n vergelyking te tref, gee ek die volgende bedrae wat sportstudente moet betaal vir sommige ander sportsoorte aan die PU. Die Valskermklub, wat tans die goedkoopste kursusse in die land aanbied, se lede betaal R36 vir hul opleiding en 'n eerste sprong. Daarna kos dit elke lid 'n verdere R7 per sprong. Sou 'n lid slegs 10 spronge per jaar doen, kos sy sportsoort hom R106 en nog die ekstra R5 om te registreer by die klub. Beide die Onderwater- en Karateklubs se bedrae beloop meer as R60 per jaar.

As ons dan die bogenoemde kostes verbonde aan die verskillende sportsoorte met die ander vergelyk, sien ons dat Muurbal besonder goedkoop is. Verder kan ek u verseker dat 60% van die sportstudente wat aan die "duur" klubs behoort, ook aan ander sportsoorte deelneem. En hul pa's het nie sewe plase nie.



*Mnr. Pieter Groenewald, voorsitter van die Sportraad.*

# Waar is Dawie dan?

**DAWIE MALAN het, enkele weke nádat hy 'n kraakbeenoperasie ondergaan het, tydens die Suid-Afrikaanse Senior Atletiekkampioenskappe in Port Elizabeth, 'n eerste plek in die paalspring behaal.**

*Met die huidige Suid-Afrikaanse rekord agter sy naam is dit onverklaarbaar dat Malan nie Springbokkleure ontvang het nie.*

**Hentie Badenhorst van die PU word ook as Suid-Afrikaanse kampioen beskou ná sy oorwinning in die twintig kilometer item.**

Jurie van der Walt het 'n tweede plek behaal in die 110m-hekkies vir mans en Piet Goosen 'n silwer in die skyfwerp. Innus van Rooyen was een van die verrassings van die byeenkoms toe hy derde geëindig het in die 100m-naelloopitem.

Die damesatlete van die PU het ook besonder goed vertoon. Petro Fourie het in beide die 200m en die 400m tweede plekke behaal. Sy het ook op Vrydagaand 19 April tydens die SAUK uitnodigingsbyeenkoms in Germiston tweede in die 200m en eerste in die 400m geëindig. Leonie Smit het vir nog 'n verrassing gesorg toe sy tweede in die 400m-hekkies geëindig het. Sy het daar afgereken met haar gedugste teenstander, Brenda Kroggman, van Stellenbosch.

Nog 'n ou staatmaker van die PU, Isabel Campher, het goed presteer. Sy het 'n derde plek in die 100m-hekkies en 'n vierde plek in die verspring vir dames behaal.

Van die 15 medaljes wat deur Wes-Transvaal ontvang is, is nege deur Pukke verower. Baie geluk aan die atlete, die Universiteit is trots op julle.



*Dawie Malan (links) het tydens die SA Senior Atletiekkampioenskappe wat in Port Elizabeth gehou is, 'n goue medalje ontvang vir sy eerste plek in die paalspring. Piet Goosen (regs) het 'n silwer medalje ontvang vir sy tweede plek in die skyfwerp.*

# Net Pukke en Maties kon CUBA klop

**SLEGS die eerste rugbyspanne van beide die PU en die Maties kon gedurende die vakansie daarin slaag om die Argentynse Toerspan (CUBA) te klop. Die Pukke het 'n oorwinning van 31-27 teen die span behaal. Spanne van Kovsies, Natal, Wits en die universiteit van Kaapstad het almal teen hierdie oorsese span verloor.**

Die spel was hard en van 'n hoë gehalte. Veral Zillen Roos in die agterlyn het hom goed van sy taak gekwyt. Nici Claassen, Boland Pienaar, Wessel van der Merwe, Louwtjie van der Walt en Johan Schoonveld is die spelers wat elkeen 'n drie gedruk het. Alan Kolesky se twee vervyfskoppe en sy een strafskop het baie bygedra tot die finale telling.

Met slegs vyf minute speeltyd oor het die Amerikaners nog met 27-25 voorgeloop. Zillen se pragdrie onder die pale en Alan se suksesvolle vervyfskop binne die laaste vyf minute het tot gevolg gehad dat die Pukke die tweede rugbyspan was wat die CUBA's geklop het. Die Amerikaners het ook ná die wedstryd gesê die PU-agterlyn is die beste teen wie hul hier gespeel het.



*Jim van Zyl is hier besig om twee juniors af te rig tydens die toer wat die muurbalklub gedurende die vakansie onderneem het. Gekwalifiseerde afrigters is nou beskikbaar vir alle lede van die muurbalklub.*

# Muurbal toer in Vrystaat

**DIE PU-MUURBALSPAN het gedurende die Aprilvakansie 'n toer deur Oos- en Noordoos-Vrystaat onderneem. Hulle het op Kroonstad, Senekal en Bethlehem wedstryde gespeel.**

Omdat sommige van die spanlede akademiese verpligtinge gehad het en ander siek was, was die span nie verteenwoordigend van die beste speelsters en spelers van die PU nie. Die span was nogtans sterk genoeg om met Kroonstad af te reken (7-6) en so ook met Senekal (10-2). Die span van Bethlehem, wat feitlik al die spelers van die Vrystaat se platteland bevat het, het die PU-span met 8-4 gewen.

Tydens die toer het dit duidelik geblyk dat veral die dames vanjaar goed behoort te vaar tydens die S.A.U.-toernooi. Dié toernooi word vanjaar aan die Universiteit aangebied.

Belangrike nuus van die muurbalklub is dat daar tans vier gekwalifiseerde afrigters aan die klub verbonde is. Jim van Zyl en Eddie Schoch sal help met die afrigting van die sewe ligaspanne. Louise le Roux en Johan du Toit sal hulp verskaf aan die koshuisligaspelers en alle sosiale spelers wat belangstel om afrigting te ontvang. Alle persone is welkom om dié persone te nader om afrigting.

# KORTSPORT

**RUGBY:**

Die eerste rugbyspan van die PU het sy eerste klubwedstryd teen RPM met 63-9 gewen.

**ATLETIEK:**

Die volgende atlete van die Universiteit is uitgenooi om op Saterdag, 26 April aan die Nedbank-Prestigebyeenkoms deel te neem:

Mans: Innus van Rooyen (100m; 200m); Jurie van der Walt (110m-hekkies); Dawie Malan (Paalspring); Piet Goosen (Skyfwerp en Gewigstoot).

Dames: Petro Fourie (200m; 400m); Leonie Smit (200m; 400m-hekkies); Isabel Campher (100m-hekkies; verspring); Estie van der Merwe (hoogspring).

Tydens die SAUK-Prestige-Atletiekbyeenkoms wat op Vrydagaand, 18 April gehou is, het Petro Fourie 'n tweede plek in die 200m en 'n eerste plek in die 400m behaal. Leonie Smit het derde in die 400m gekom. In die skyfwerp het Piet Goosen 'n tweede plek behaal, terwyl Jurie van der Walt ook tweede in die 110m-hekkies geëindig het. Stefaan Greyling het met 'n tyd van 1:48,7 tweede gekom in die 800m vir mans.

**TOUTREK:**

Op Saterdag 19 April het die PU vir CHO die eerste en wel 'n geslaagde internasionale toutrektoernooi op die Fanie du Toit-sportterrein aangebied. Die PU se 640kg-span het goed afgereken met die provinsiale span van Noord-Transvaal. Sewe lede van die PU-span staan 'n goeie kans om die Transvaalse provinsiale span te haal.